Huis van Heerde-skenking

MOORREESBURG. Huis van Heerde-kinderhuis het onlangs 'n skenking van sowat R20 000 van SEESA Ltd (Small Enterprisers Employers of SA) ontvang.

Die skenking het uit pajamas, skoene, komberse en kruideniersware bestaan.

Swané Swanepoel, hoof van Huis van Heerde, het die donasie ontvang van Elrien Uys en Kobus Badenhorst van SEESA.

Die kinderhuis benodig vrywilligers om naweke en vakansies te help, asook om kinders deur die week wiskunde en rekenaarvaardigheid te leer.

Donasies word altyd benodig, want die staat dek slegs sewentig persent van die kinderhuis se uitgawes.

Skakel Swané by ☎022 433 1042 of 082 898 5705 om meer inligting te bekom.

-Charlene Hall

'Warm komberse vir die koue winter was deel van die SEESA-skenking aan die kinders van Huis van Heerde-kinderhuis op Moorreesburg. Hier oorhandig Kobus Badenhorst en Elrien Uys komberse aan die kinders.